

Prys God wat Hom aan ons bekendmaak

Elke dag weerklink oor die aarde die boodskap dat God Hom bekendmaak. Sonder woorde maak God Hom bekend bloot deur die glans van 'n nuwe dag, die skitterprag van die sterre of die heerlijkheid van die skepping. Hierdie woordelose boodskap gaan oor die hele wêreld uit as getuienis van die mag van God. Hy maak Hom aan alle mense bekend deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld (NGB, Art. 2). Alle mense kan iets van God en sy almag in die skepping raaksien.

God se Woord en wet is egter volmaak! Daaruit ken ons Hom in sy aanbiddelike heerlijkheid en sy onbegryplike liefde in Christus Jesus. In elke gebod en elke woord hoor ons die hartklop van God wat ons in die ware lewe wil laat deel. Vir almal wat rykdom en genot soek is hier 'n aanbod wat geen mens kan versmaai nie: Die Here se geboorte is kosbaarder as goud, soeter as heuning! Die mens wat daarvolgens lewe, word verryk met wysheid en insig, sy lewe word koersvas en vol blydschap.

Niemand wil dit seker misloop nie – daarom die gebed om vergifnis en verlossing van die bose, sodat wat ons sê en dink vir Hom goed sal wees. Nou kan ons na die grootsheid van sy skepping kyk met sy Woord in ons hart en Hom daarvoor loof en prys. Nou weet ons sy beloftes staan vas in Jesus Christus, al is daar geweld en onrus. Ons sien sy plan met hierdie wêreld word werklikheid, al dreig kleingelooft ook om ons te oorval. Sing jy saam met sy skepping 'n loflied oor die Koning van die groot heelal?

Sing: Psalm 149:1 (2001-omdigting)

Ds. Nico Botha (Emeritus)